GRONDWET VAN DIE HELDERBERG SAKEKAMER

(om aanvaar te word op die algemene jaarvergadering 2011)

1. NAAM

1.1 Die naam van die sakekamer is **HELDERBERG SAKEKAMER**.

2. DOELSTELLINGS

Die doelstelling van die sakekamer is die volgende:

2.1 Om sakelui, ongeag ras of geslag inklusief in die gebied van die Helderberg Kom byeen te bring met voertaal in Afrikaans.

2.2 Om deur voorligting, bedryfsleiding en onderrig diens aan sy lede te lewer teneinde hul beter toe te rus vir die sakewêreld.

2.3 Om lesings, besprekings en sprekers te reël oor enige onderwerp wat die sakewêreld raak, beskrywingspunte voor te lê en toe te lig by enige kongres van die Afrikaanse Handelsinstituut (AHI).

2.4 Om relevante inligting wat die sakewêreld raak, te ontvang, te verwerk en onder sy lede te versprei deur middel van 'n nuusbrief of enige ander werkswyse.

2.5 Om sy lede by te staan in hul sake-ondernemings en hul behulpsaam te wees met voorligting om hul belange te beskerm teen onbillike handelspraktyke of wetgewing.

2.6 Om nouer skakeling te bewerkstellig tussen owerhede, werkgewers en werknemers deur middel van konsultasie, gesprekvoering en skriftelike voorleggings waar nodig.

2.7 Om deur opleiding en voorligting jong sakemanne en sakevroue beter toe te rus vir die sakewêreld, om beurse of ander finansiële bystand aan studente wat in die sakerigting studeer, te verleen.

2.8 Om funksies te reël en fondse te genereer ter bevordering van die doelstelling van die sakekamer.

2.9 Om op gepaste wyse erkenning te verleen aan enige persoon wat 'n wesenlike bydrae gelewer het hetsy op sake, kulturele of 'n ander gebied in die bedieningsarea van die **HELDERBERG SAKEKAMER**.

2.10 Om enige eiendom, roerend sowel as onroerende, te verkry, te koop, te huur, te verhuur, te verkoop, te skenk, te verpand of met 'n verband te bewaar, in die uitvoering van die doelstelling van die sakekamer.

Om geld te leen, of uit te leen met of sonder sekuriteit.

3. LIDMAATSKAP

Lede sal uit die volgende klasse bestaan, naamlik:

Gewone lede
Korporatiewe lede
Gekoöpteerde lede
Ere-lede
Buite lede

3.1 GEWONE LEDE

Enige persoon of instansie wat direk of indirek in die sakewêreld betrokke is en aktief daarin belangstel, kan by die bestuur aansoek doen om lidmaatskap van die sakekamer.

3.2 **KORPORATIEWE LEDE**

Enige maatskappy, beslote korporasie, firma of onderneming kan aansoek doen by die bestuur om as korporatiewe lid van die sakekamer toegelaat te word. Sodanige aansoek sal vergesel wees van die name en posvlak van al die persone wat as verteenwoordigers van die betrokke korporatiewe lid sal ageer.

3.3 **GEKOÖPTEERDE LEDE**

Die bestuur van die sakekamer sal by magte wees om enige persoon op die bestuur te koöpteer vir 'n bepaalde funksie en tyd. Na voltooiing van die funksie of verstryking van die tydperk, sal sodanige lid se lidmaatskap verval, tensy die persone reeds 'n lid van die sakekamer is.

3.4 **EDE-LEDE**

Die bestuur is by magte om ere-lidmaatskap toe te ken aan enige persoon wat na oordeel van die bestuur uitsonderlike diens aan die sakekamer gelewer het. 'n Ere-lid kan deur die bestuur genooi word om bestuursvergaderings by te woon, maar het geen stemreg nie.

3.5 **BUITE LEDE**

Die bestuur van die sakekamer sal by magte wees om enige lid van die sakekamer se versoek om werkgewersorganisasies as lede van die Afrikaanse Handels Instituut toe te laat, te bekragtig as `n buitelid van die Helderberg Sakekamer.

4. TOETREDE- EN LIDMAATSKAPSGELDE

4.1 Gewone lede en korporatiewe lede sal aansoek om lidmaatskap doen op die voorgeskrewe vorm en finale goedkeuring van die lidmaatskap berus by die bestuur van die sakekamer.

4.2 Lidmaatskapsgelde betaalbaar deur gewone lede en korporatiewe lede sal van tyd tot tyd deur die bestuur van die sakekamer vasgestel word.

5. BEËINDIGING VAN LIDMAATSKAP

Enige lid se lidmaatskap word beëindig:

5.1 Indien so 'n lid bedank met skriftelike kennisgewing en na vereffening van sy/haar lidmaatskapsgelde tot datum van beëindiging van lidmaatskap.

5.2 Indien die bestuur die lid skriftelik aldus in kennis stel. Die bestuur sal by magte wees om enige lid se lidmaatskap te beëindig by wanbetaling van lidmaatskapsgelde en/of gedrag wat na die oordeel van die bestuur strydig is met die belange van die sakekamer.

6. VERGADERINGS

6.1 ALGEMENE JAARVERGADERING

'n Jaarlikse algemene vergadering van lede sal gehou word so gou as moontlik na die einde van die finansiële jaar en op 'n datum soos deur die bestuur bepaal. Op hierdie vergadering sal die bestuur verslag doen oor die werksaamhede van die afgelope jaar en die finansiële state vir die afgelope jaar vir goedkeuring voorlê. Die nuwe bestuur en 'n rekenmeester vir die volgende jaar word op hierdie vergadering verkies. Skriftelike kennisgewing van die plek en datum van sodanige vergadering sal ten minste 14 (veertien) dae voor die tyd aan al die lede gestuur word. 20 (TWINTIG) lede sal 'n kworum vorm.

6.2 **SPESIALE ALGEMENE VERGADERING**

'n Spesiale Algemene Vergadering van lede sal gehou word indien:

6.2.1 Die bestuur daartoe besluit;

6.2.2 Minstens 5 (VYF) lede skriftelik daarvoor aansoek doen met vermelding van die sake wat op so 'n vergadering bespreek wil word. Skriftelike kennisgewing van so 'n vergadering met vermelding van plek en datum sal ten minste veertien (14) dae voor die tyd aan alle lede gestuur word.

7. VOORSITTER

Die voorsitter van die sakekamer sal optree as voorsitter by enige lede vergadering, of in sy afwesigheid, die onder-voorsitter, of indien beide afwesig is, dan 'n lid wat deur die aanwesiges tot voorsitter van die vergadering gekies word.

8. STEMREG

8.1 Stemming op enige vergadering sal geskied by wyse van die opsteek van hande deur lede wat persoonlik teenwoordig is, tensy ten minste

5 (VYF) lede teenwoordig, 'n stemming per geslote brief aanvra. Besluite sal deur 'n gewone meerderheid van stemme geneem word, en in geval van 'n staking van stemme het die voorsitter 'n beslissende stem.

8.2 'n Gewone lid het een stem, terwyl 'n korporatiewe lid se getal stemgeregtigde lede deur die bestuur bepaal sal word met inagneming van die lidmaatskapsgelde betaalbaar deur sodanige korporatiewe lid. Gekoöpteerde lede, erelede en buitelede het geen stemreg nie.

8.3 Enige sake wat op 'n lede vergadering gedien het en waaroor die vergadering 'n besluit geneem het, sal nie weer vir bespreking kan dien alvorens minstens ses (6) maande verloop het sedert die saak die eerste keer aangespreek as nie.

9. DIE BESTUUR

9.1 Die bestuur sal bestaan uit 'n maksimum van 9 (NEGE) lede waarvan slegs 5 (VYF) verkies word op die Algemene Jaarvergadering. Die verkiesing geskied by wyse van nominasie voor of tydens die vergadering met `n sekondant deur opsteek van hande. Indien meer as vyf lede genomineer word sal verkiesing geskied by wyse van stembriewe wat deur die vorige ouditeur of twee persone aangewys deur die vergadering getel sal word en die vyf met meerderheidstemme verkies sal word. Die bestuur kan daarna nog vier lede gekoöpteer om op die bestuur te dien vir 'n spesifieke doel of tydperk, vir welke tydperk sodanige lede dieselfde stemreg sal hê as `n gewone bestuurslid.

9.2 'n Voorsitter, onder-voorsitter, sekretaris en tesourier, word deur die nuutverkose bestuur verkies.

9.3 Alle bestuurslede se termyn verstryk jaarliks op datum van die Algemene Jaarvergadering, maar is herkiesbaar.

9.4 Drie (3) lede van die bestuur vorm 'n kworum. Indien 'n lid van die bestuur op drie of meer agtereenvolgende bestuursvergaderings sonder verlof afwesig was, sal so 'n lid se ampstermyn deur die bestuur beëindig kan word.

9.5 Die bestuur besluit hoe dikwels hul vergader, hetsy by wyse van 'n volle bestuursvergadering of hetsy by wyse van 'n vergadering van een of meer sub-komitees deur die bestuur saamgestel en onderhewig aan sodanige voorwaardes soos deur die bestuur bepaal.

9.6 Die voorsitter, onder-voorsitter, sekretaris en tesourier, sal die dagbestuur van die sakekamer vorm wat sal toesien tot die hantering van die sake van die dag wanneer die bestuur nie byeen is nie.

9.7 Die bestuur sal by magte wees om met `n meerderheidstem van alle bestuurlede, enige bestuurslid, insluitende die voorsitter, se dienste summier te beëindig indien die meerderheid van oordeel is dat die betrokke bestuurslid die effektiewe bestuur van die sakekamer belemmer.

10. BEVOEGDHEDE VAN DIE BESTUUR

Die bestuur sal die volgende bevoegdhede hê:

10.1 Om roerende, sowel as onroerende eiendom te koop, te huur of andersins te verkry, wat vir die huisvesting van die sakekamer se kantore of vir enige ander doel van die sakekamer nodig mag wees en om sodanige eiendom of 'n deel daarvan oor te dra, te verkoop, te verhuur, te verpand of daarmee te handel op enige wyse soos deur

die bestuur goedgekeur mag word. Registrasie van onroerende eiendom sal geskied op naam van die Helderberg Sakekamer.

10.2 Om 'n bankrekening in naam van die sakekamer te open by enige finansiële instelling en om die voorsitter te magtig om namens die sakekamer op sodanige rekening te opereer.

10.3 Om voorsiening te maak vir die aankoop van alle nodige uitrusting, skryfmateriaal, ens. vir kantoordoeleindes.

10.4 Om 'n notulerende sekretaris en ander amptenare aan te stel en te ontslaan en hul salarisse en diensvoorwaardes te bepaal.

10.5 Om die prosedure op die vergadering van die bestuur te reël.

10.6 Om van tyd tot tyd een of meer sub-komitee aan te stel, bestaande uit lede, sowel as nie-lede van die sakekamer en aan sulke komitees opdragte en bevoegdhede te delegeer soos wat die bestuur nodig ag.

10.7 Om alle lede wat aansoek doen om lidmaatskap van die sakekamer te keur en om die getal stemgeregtigde lede van 'n korporatiewe lid te bepaal.

10.8 Om gekoöpteerde lede en ere-lede te identifiseer en lidmaatskap aan hulle aan te bied en toe te ken.

10.9 Om die lidmaatskap van enige lid of bestuurslid te beëindig met inagneming van die bepalings van hierdie grondwet.

10.10 Om enige stappe te doen ter uitvoering van die doelstellings van die sakekamer soos uiteengesit in hierdie grondwet.

11. ONTBINDING EN AMALGAMASIE

Die sakekamer sal slegs ontbind of amalgameer met 'n ander liggaam of vereniging deur 'n besluit geneem deur minstens twee-derdes van die lede teenwoordig op 'n Spesiale Algemene Vergadering gehou ooreenkomstig die bepalings soos hierbo uiteengesit. Enige bates van die sakekamer sal by ontbinding oorgedra word aan die Afrikaanse Handelsinstituut (AHI).

12. FINANSIËLE JAAR

Die finansiële jaar van die sakekamer sal loop vanaf 1 Januarie tot die laaste dag van Desember van die volgende jaar, tensy anders besluit op 'n bestuurs vergadering.

13. BOEKE EN REKORDS

13.1 Alle tjeks getrek op die bankrekening van die sakekamer of alle elektroniese verhandelings sal deur die Tesourier, of die administratiewe bestuurder kragtens gedelegeerde bevoegdheid vanaf die Tesourier, onderteken of gemagtig word, na gelang van die geval.

13.2 Die boeke en rekords van die sakekamer sal jaarliks deur 'n persoon wat lid is van óf SAICA óf SAIPA geouditeer word wat op die Algemene Jaarvergadering benoem was. Die finansiële state en verslag van die persoon deur wie dit opgestel is, sal aan die Algemene Jaarvergadering voorgelê word vir bespreking en goedkeuring.

13.3 Enige lid sal gedurende gewone besigheidsure geregtig wees om die boeke en rekords van die sakekamer te inspekteer na afspraak en in

oorleg met die voorsitter, maar sal nie geregtig wees om sodanige stukke sonder toestemming van die voorsitter uit die kantoor van die sakekamer te verwyder nie.

14. NOTULES

Behoorlike notule sal gehou word van alle algemene, lede sowel as Bestuursvergaderings.

15. WYSIGING VAN DIE GRONDWET

15.1 Wysigings en / of vervanging van `n grondwet van die Helderberg Sakekamer sal geskied na 'n besluit geneem op 'n Algemene Jaar Vergadering deur minstens twee-derdes van die lede teenwoordig op sodanige vergadering waar die nuwe en / of gewysigde grondwet voorgelê word en wat belê is ooreenkomstig die bepalings van die heersende grondwet.

15.2 By aanvaarding van die nuwe en / of gewysigde grondwet sal die voorsitter asook ondervoorsitter en tesourier dit onderteken waarna dit onmiddellik effektief en as die heersende grondwet beskou sal word.

Gedateer te _____ op hierdie _____dag van

_____ 2010.

_____

D. Van Zyl
Voorsitter

Helderberg Sakekamer

_____

D. L Viljoen
Ondervoorsitter
Helderberg Sakekamer

_____

J. Engelbrecht
Tesourier
Helderberg Sakekamer